**Die bewaringsverbond met Noag (2) – God se opdragte (OP136)**

**Gen 9:1-7**

**9 Julie 2023**

By die vorige geleentheid het ons begin kyk na die verbond met Noag. Ons het gesien hierdie verbond word dikwels die bewaringsverbond genoem. Ons het gesien die Here het voor die koms van die sondvloed onderneem om Noag, sy gesin en van die diere te bewaar tydens die sondvloed deurdat hulle in die ark moes ingaan. Sodoende het God die menslike geslag asook die diereryk bewaar tydens die vloed. Na afloop van die vloed, het die Here beloof om so lank as wat die aarde bestaan nie weer lewe op die aarde te tref soos wat Hy gedoen het tydens die sondvloed nie. Nee, die Here het beloof dat al die dae wat die aarde nog daar is, sal saaityd en oestyd, koue en hitte, somer en winter, dag en nag nie ophou nie. Dit beteken nie dat die Here nooit weer gaan oordeel soos wat Hy in die sondvloed gedoen het nie, dit beteken wel dat die Here Sy oordeel uitstel tot aan die einde van die bestaan van die aarde – dan gaan Hy wel oordeel, en almal wat nie in Sy Seun se verlossingswerk skuil soos wat Noag en sy gesin in die ark geskuil het nie, sal dan die ewige dood ingaan. Die rede waarom die Here Sy oordeel uitstel, is sodat Hy daardeur genadetyd skep waartydens die Een kan kom wat Hy beloof het om te kom uit die nageslag van die vrou, deur wie Hy Sy verlossingsplan kan implementeer, en deur wie almal wat deel is van die nageslag van die vrou, gered kan word. Die teken van die bewaringsverbond met Noag is die reënboog. Die doel met die reënboog is primêr om God te herinner aan Sy verbond met Noag: God se heiligheid en regverdigheid sal eis dat Hy moet oordeel oor die boosheid wat weer gaan posvat op die aarde, maar dan moet die reënboog Hom herinner Hy het beloof om Sy oordeel uit te stel. Ek glo dit is duidelik dat hierdie verbond weereens 'n genadeverbond is – dit skep immers juis genadetyd. Ons het ook gesien dat hierdie verbond 'n universele verbond is – die Here sluit dit met die mensdom, maar ook met die diere – trouens Gen 9:17 sê dit is 'n verbond tussen die Here en alle vlees wat op die aarde is.

Vandag wil ek verder besin oor hierdie bewaringsverbond. Ek wil vandag graag stilstaan by die opdragte, oftewel die bepalings, wat die Here aan Noag en sy seuns gegee het as deel van hierdie verbondsluiting in Gen 9:1-7. Ons gaan na die volgende punte kyk: (1) God se opdragte aan Noag en sy seuns, (2) die klem wat hier geplaas word op lewe, (3) veral die klem wat hier geplaas word op die bewaring van lewe, en (4) implikasies vir ons.

<u>God se opdragte aan Noag en sy seuns as deel van die bewaringsverbond (Gen 9:1-7)</u>

Toe ons destyds na die skeppingsverbond gekyk het in Gen 1-2, het ons gesien dat die sluiting van daardie verbond gepaardgegaan het met spesifieke opdragte wat die Here aan Adam en Eva gegee het. Kan ek jou kortliks herinner aan daardie opdragte: (1) Hulle moes vrugbaar wees, vermeerder en die aarde vul. (2) Hulle moes heers oor die aarde en die aarde onderwerp, boonop moes hulle ook die tuin bewerk en bewaak. (3) Hulle moes elke sewende dag as 'n rusdag deurbring. (4) Hulle moes onvoorwaardelik gehoorsaam wees aan die opdragte van die Here, soos wat duidelik geword het uit die feit dat hulle nie mog eet van die boom van kennis van goed en kwaad nie.

Toe ons na die verbond met Adam gekyk het na die sondeval, het ons gesien dat alhoewel die aard van die verbond verander het van 'n werksverbond na 'n genadeverbond, het die opdragte van die Here grotendeels dieselfde gebly: (1) Hulle moes steeds vermeerder en die aarde vul – alhoewel Eva en haar nageslag se swangerskappe met pyn gepaard sou gaan (2) Hulle moes steeds heers en die aarde onderwerp – alhoewel hulle nou net sou kon eet met 'n geswoeg en in die sweet van hulle aangesig. Ja, siende dat hulle intussen uit die tuin gestuur is, het die opdrag om die tuin te bewerk

en te bewaak nie duidelik na vore gekom nie, maar ons het opgemerk dat dit in latere verbonde wel weer na vore sal kom. (3) Die onderhouding van die rusdag was ook nie prominent nie, maar dit sal ook weer later na vore kom. (4) Alhoewel hulle nie meer in die tuin was en dus nie meer toegang tot die boom van kennis van goed en kwaad gehad het nie, moes hulle steeds gehoorsaam wees aan die beginsel om God se opdragte onvoorwaardelik te gehoorsaam.

Kom ons hou dit nou in gedagte, en kyk na die opdragte van die Here as deel van die bewaringsverbond. Lees Gen 9:1-7. Die eerste opdrag waarvan ons lees is in Gen 9:1 – God het vir Noag en sy seuns geseën en gesê: "Wees vrugbaar, vermeerder en vul die aarde". Gen 9:7 bevestig dit weer: "Julle dan, wees vrugbaar en vermeerder – wemel op die aarde en vermeerder daarop." Gen 9:19 voeg by dat uit die drie seuns van Noag is die hele aarde bevolk. Ek glo dit is onmiskenbaar duidelik dit is presies wat God se opdrag was as deel van die skeppingsverbond asook as deel van die verbond met Adam na die sondeval. Selfs al het die mensdom gevorder tot die punt dat hulle altyd net bedink het wat sleg is voor die sondvloed, selfs al het die Here tydens die sondvloed die grootste deel van die mensdom uitgewis, verander dit nie God se doel nie. Hy wil steeds dat die aarde gevul sal wees met Sy heerlikheid, Hy wil steeds dat die aarde gevul sal wees met mense – weliswaar met mense wat Hom sal verheerlik – maar daarom is dit steeds nodig dat Noag en sy seuns moet vermeerder en die aarde vul. God werk steeds konstruktief na dieselfde eindpunt toe.

Lees weer Gen 9:2. Volgens hierdie vers het die Here dit so bepaal dat al die wilde diere, al die voëls, al die diere wat op die grond rondkruip en ook al die visse vrees en ontsag sal hê vir Noag-hulle, en dus vir mense. Maar, hierdie diere is almal in die hande van Noag en sy seuns oorgegee. Dit beteken tog dat Noag en sy seuns oor die diere moet heers. In vers 3 word alles wat beweeg en leef aan die mens gegee as voedsel – dit is bo en behalwe die plante wat in Gen 1 al aan die mens gegee is as voedsel. As die plante, diere, voëls en visse as voedsel vir die mens dien, beteken dit tog onder andere dat die mens heerskappy het oor die plante en die diere – soos wat die opdrag aan Adam was om oor die diere en die aarde te heers en dit te onderwerp in die skeppingsverbond, en soos wat dit bevestig is in die verbond met Adam na die sondeval. Ten spyte van die boosheid van die mens, is die mens steeds die een wat moet heers oor die skepping, soos wat dit reg van die begin af God se doel was.

Soos wat ons met die verbond met Adam na die sondeval gesien het, figureer die sewende dag as rusdag ook nie sterk hier nie – ons moet steeds wag op latere verbonde waar dit wel weer na vore sal kom. Verder is die skeppingsopdrag om onvoorwaardelik gehoorsaam te wees aan die opdragte van die Here, steeds onderliggend aan die opdragte om te vermeerder en om te heers. Ek hoop die eenheid met die voorafgaande verbond is duidelik.

<u>Die klem op lewe (Gen 9:1-7)</u>

Alhoewel daar eenheid is met die voorafgaande verbonde, is daar ook ontwikkeling wat plaasvind met die sluiting van die bewaringsverbond. As jy deur verse 1-7 lees, is dit opvallend duidelik hoeveel klem hier geplaas word op die belangrikheid van lewe. Let op die volgende:

- Verse 1 en 7: Die fokus in hierdie verse is op die vermeerdering van lewe deur die groei van die mensdom.
- Vers 2: In hierdie vers is dit duidelik die mens is 'n hoër vorm van lewe as die diere – die diere is in die hande van die mense oorgegee.
- Verse 3-4: In hierdie verse handel dit oor die onderhouding van lewe van die mensdom – die Here voorsien voedsel aan hulle om te eet.

- Verse 5-6: In hierdie verse handel dit oor die bewaring van die lewens van mense, en dat die Here bepaal Hy sal ‘n lewe eis indien ‘n mens se lewe geneem word.

In hierdie fokus op lewe maak die Here dit duidelik Hy wil dat menselewens moet vermeerder, hulle moet in beheer wees as die hoogste vorm van lewe naas Homself, Hy wil die lewens van mense onderhou deur vir hulle kos te gee, en Hy wil hulle lewens beskerm deur rekenskap te eis wanneer die lewe van ‘n mens geneem word. Die feit dat mense moet vermeerder was al duidelik in Gen 1. Die feit dat die mens ‘n hoër vorm van lewe is as die diere, was ook al duidelik in Gen 1 – immers is die mens na God se beeld geskep. Die feit dat die Here voedsel gee aan die mens om van te lewe, was ook al duidelik in Gen 1 – weliswaar lyk dit of die Here daar plante aan die mens gegee het om te eet, en of Hy hier ook diere byvoeg as voedsel vir die mens (daar is sommiges wat redeneer die eet van diere was ook al vroeër moontlik, dit was net nie eksplisiet genoem nie – ek gaan nie daarop in nie). Maar wat nuut is hier in Gen 9 na die sondvloed is dat God spesifiek ‘n fokus plaas op die bewaring van menselewens as deel van die bewaringsverbond. Hy plaas ‘n fokus daarop dat Hy rekenskap gaan eis wanneer iemand die lewe van ‘n ander mens neem. Hoekom is hier soveel klem op die bewaring van menselewens?

Wel, kom ons dink aan wat gebeur het na die sondeval en voor die sondvloed: In Gen 4 het ons geleer van Kain wat sy broer doodgemaak het – bloot omdat sy offer nie gunstig deur die Here beskou is nie. Dit is hoe min hy van sy broer se lewe gedink het. Toe hy destyds deur die Here gekonfronteer is oor waar sy broer is, was sy antwoord: “Ek weet nie; is ek dan my broer se oppasser?” (Gen 4:9). Sy optrede het gewys dat hy gedink het hy het seggenskap gehad oor sy broer se lewe, maar toe die Here hom daaroor konfronteer was sy verskoning hy hoef nie sy broer op te pas nie.

Of dink aan Lameg uit die nageslag van Kain wat in Gen 4:23-24 uitgeroep het: “Vir ‘n wond aan my maak ek ‘n man dood, ‘n jongman vir ‘n kneusplek aan my! Ja, sewe maal word Kain gewreek, maar Lameg sewe-en-sewentig maal”. Lameg was ook van mening hy kan oor die lewens van ander besluit en hulle lewens neem volgens sy eie oortuigings.

Onthou ook wat die Here in Gen 8:21 gesê het: “Alhoewel die mens se hart van sy jeug af neig na wat boos is, sal Ek nooit weer alles wat lewe tref, soos Ek gedoen het nie.” Ons het laas keer daaroor besin dat die sondvloed in wese niks verander het aan die harte van mense nie. Siende dat die mense se harte steeds boos is, is die verwagting van die Here na die sondvloed dus dat die boosheid op die aarde weer sal toeneem, soos wat die geval was na die sondeval. Die verwagting van die Here is dus dat daar kort voor lank weer lewens geneem sal word – soos wat Kain en Lameg gedoen het. Maar, met die sluit van die bewaringsverbond met Noag, het die Here beloof om nie weer die boosheid uit te wis soos wat Hy sopas met die sondvloed gedoen het nie. Daarom is dit nodig dat die Here nou ‘n bewaringsmeganisme moet inbou om die verwagte toename in boosheid op die aarde te stuit en dit onder beheer te hou. Ja, die Here sal eventueel aan die einde van die aarde die boosheid finaal uitroei, maar intussen moet die mensdom groei in getalle sodat die Here Sy einddoel kan bereik. As mense voortaan gaan optree soos Kain en Lameg, kan dit die realisering van hierdie doel benadeel. Daarom gee die Here as deel van die bewaringsverbond ook die opdrag dat die lewens van mense bewaar moet word, en dat Hy ‘n lewe gaan eis indien iemand die lewe van ‘n medemens neem. Deur dit te doen voorkom die Here dat iemand voortaan soos Kain kan redeneer hy is nie sy broer se oppasser nie, en voorkom die Here dat iemand reg in eie hande kan neem soos Lameg sonder om gekonfronteer te word.

<u>Die klem op die bewaring van lewe (Gen 9:2-7)</u>

Kom ons kyk in nog meer detail na hierdie fokus op die bewaring van menselewens.

Lees Gen 9:2. Die Here het vrees vir mense en ontsag vir mense in die diere geplaas. Kommentatore spekuleer daaroor dat daar moontlik voor die sondvloed ook gevalle was waar die diere hulle vergryp het en die dood van mense veroorsaak het – wel, die Bybel is nie eksplisiet duidelik hieroor nie, en daarom is dit hoogstens spekulasies. Wat die konteks wel duidelik maak is dat die vrees vir mense wat die Here in diere geplaas het wel kan bydra daartoe dat menselewens beskerm en bewaar word. Boonop moet die mens oor die diere heers – wat onder andere moet bydra daartoe dat die diere nie die vermeerdering van die mensdom bedreig nie.

Lees Gen 9:3. Die Here het dit so bepaal dat die mens van die diere mag eet as voedsel. Hier word spesifiek verwys na diere wat leef en beweeg – dit is hulle wat as voedsel kan dien vir die mens. Dit lyk dus of dit spesifiek na lewendige diere verwys wat spesifiek doodgemaak word om dan as voedsel vir die mens te dien. Dit onderstreep weereens die feit dat die mens heers: die mens mag diere doodmaak en hulle eet, sodat die mensdom aan die lewe mag bly en selfs kan vermeerder. Daarteenoor, het die diere vrees vir die mense, en ons sal in vers 5 sien dat diere nie mense mag doodmaak nie – indien hulle dit sou doen, sal die Here ook van hulle rekenskap eis. Dit is opvallend dat hier geen beperking was op die eet van sogenaamde onrein diere nie – dit het eers later na vore gekom.

Lees Gen 9:4. Hier is ‘n beperking wat die Here op die mens geplaas het: die mens mag die vleis van die diere eet – maar die mens mag nie vleis met bloed in eet nie. Die rede hiervoor is dat die bloed die lewe is van die dier. Bloed is die teken van lewe. Lees Lev 17:13-14. Hierdie selfde beginsel is later in die seremoniële wette van die volk Israel opgeneem – nie hulle of vreemdelinge wat by hulle woon mog die bloed van diere eet nie – want die bloed is die lewe van die dier. Lev 17:11 help om dit beter te verstaan: Later sou bloed ‘n belangrike rol speel in die offers wat die volk moes bring. Die doel met die offers was om versoening te doen vir hulle sondes. Ons weet tog uit ons bestudering van Genesis tot dusver dat die sonde dood tot gevolg het – beide fisiese en geestelike dood van die sondaar. Dieselfde beginsel wat ons in Gen 9 vind waar die Here sê Hy eis ‘n lewe wanneer iemand se lewe geneem word, geld ook vir sondaars: Vir hulle om te lewe, sal ‘n ander lewe in hulle plek geëis word – in die Ou Testament was dit die lewe van die offerdiere, wie se bloed by die altaar gebruik is om versoening te doen. Die bloed by die altaar het die lewe van die offerdier verteenwoordig. Natuurlik het dit alles vooruit gewys na Jesus wie se bloed moes vloei, as bewys dat Hy met Sy lewe betaal het, om versoening, en dus lewe, vir sondaars te bewerk. Hierdie dieper betekenis van bloed en lewe was nog nie sigbaar in Gen 9 nie – maar die Here wou alreeds deur hierdie beperking dat die mens nie bloed moet eet nie, onderstreep dat lewe kosbaar is – selfs die lewens van diere. Ja, hulle mag van die diere eet, maar hulle moet dit verantwoordelik doen en selfs die lewens van diere respekteer. Hulle moet met omsigtigheid daarvan eet.

Lees Gen 9:5. Die Here maak dit hier baie duidelik hoe kosbaar die lewe van ‘n mens is: Die Here sal die lewe van ‘n mens, die vloei van die bloed van ‘n mens, eis. Hierdie vers onderstreep weereens dat die lewe van ‘n mens kosbaarder is as die lewe van ‘n dier: Die Here sê hier dat as ‘n dier die lewe van ‘n mens eis, sal die Here die lewe van die dier eis. Dit geld nie anders om nie – die mens mag ‘n dier doodmaak en hom eet, maar ‘n dier mag nie ‘n mens doodmaak nie – die Here sal dan die lewe van die dier eis. Hierdie beginsel is ook later in die wette van Israel opgeneem: Eks 21:28 sê: “Wanneer ‘n bees ‘n man of ‘n vrou stoot sodat die persoon sterf, moet die bees beslis gestenig word, Sy vleis mag nie geëet word nie, maar die eienaar van die bees is onskuldig”. Maar vers 5 gaan verder, en voeg by dat as ‘n mens die lewe van ‘n medemens neem, sal die Here die lewe van daardie mens eis – dis hoe kosbaar die lewe van ‘n mens is in die oë van die Here.

Lees Gen 9:6. Hier is twee belangrike aspekte wat na vore kom in hierdie vers:

- Waar vers 5 net gesê het dat God die lewe van die mens gaan eis wat iemand anders se lewe geneem het, maak vers 6 duidelik hoe God die moordenaar se lewe gaan eis: Hy gaan dit eis "deur die mens". Die Here gee hier aan die mens die opdrag om die lewens van moordenaars te neem – dit word deel van die mens se verantwoordelikheid om te heers oor die aarde en dit te onderwerp. Die Here gee aan die mens die verantwoordelikheid om die toename in boosheid op die aarde te stuit deurdat die mens moordenaars in hulle midde moet uitroei deur hulle dood te maak. Ja, die Here gaan die aarde bewaar en dit in stand hou tot die einde toe, maar intussen het die mens die verantwoordelikheid om die toename in boosheid te stuit deurdat hulle lewens respekteer, alle lewens, maar veral die lewens van hulle medemens. En diegene wat dit nie doen nie, moet hulle doodmaak.

  Hierdie beginsel is ook ingebou in die wette vir Israel in die Ou Testament. Lees Num 35:16-21. Die beginsel is klinkklaar duidelik – as iemand die dood van 'n ander persoon veroorsaak het, is daardie persoon 'n moordenaar, en hy moet beslis sterf. Hy moet sterf deurdat die bloedwreker hom moet doodmaak. Die bloedwreker was tipies 'n naby familielid van die persoon wat onskuldig doodgemaak is. Die Here het die verantwoordelikheid aan die mens gegee om die lewens van moordenaars te eis. Lees ook Num 35:22-25. Uit hierdie verse is dit duidelik dat daar gevalle kan wees waar iemand onopsetlik die dood van 'n ander persoon veroorsaak het. In so 'n geval moes 'n behoorlike ondersoek deur die volksvergadering gehou word om te bepaal of dit opsetlik was of nie. Indien dit nie opsetlik was nie, kon die skuldige persoon in 'n asielstad gaan woon tot die dood van die hoëpriester, en die bloedwreker mog hom nie daar doodmaak nie. Boonop leer Deut 19:15 dat iemand nie skuldig bevind mog word op die getuienis van een persoon nie – ten minste twee of drie getuies moes die saak steun voor iemand doodgemaak kon word. Maar as die persoon skuldig was aan moord, moes hy doodgemaak word. Deut 19:13 sê: "Jy mag hom nie jammer kry nie. Jy moet die stort van onskuldige bloed in Israel uitroei; dan sal dit met jou goed gaan." Num 35:33 sê: "Julle mag nie die land waarin julle is, besoedel nie. Ja, bloed, dit is wat die land besoedel. Vir die land word nie versoening gedoen vir die bloed wat daarin vergiet is nie, behalwe deur die bloed van hom wat dit vergiet." Duidelik was die Here ernstig daaroor dat hierdie beginsel in Gen 9:6 deur die volk toegepas moes word.

  In die Nuwe Testament word dit duidelik dat hierdie rol steeds bestaan, maar dat die Here die verantwoordelikheid aan die owerhede gegee het. Lees Rom 13:1-4. Die owerheid is deur God aangestel en is 'n dienaar van God. Die owerheid dra die swaard en is deur God aangestel om die kwaaddoener te straf – dit sluit ook moordenaars in. Siende dat die owerheid die swaard van God ontvang het, moet hulle ook moordenaars doodmaak.

- Lees Gen 9:6b. Hoekom moet daar so hard opgetree word teen mense wat nie die lewens van medemense respekteer nie en hulle doodmaak? Want die slagoffer wat doodgemaak word, is deur God geskep en hy is na die beeld van God geskep. Daardie persoon is deur God self gemaak en op die aarde geplaas met die doel om God te verheerlik deur sy deel na te kom in die uitvoer van God se skeppingsopdragte – maar die moordenaar het besluit hy weet van beter. Nie net het hy 'n onreg teen sy medemens gepleeg nie – hy het God se beeld oneer aangedoen. En dit duld God nie.

<u>Implikasies vir ons</u>

Kan ek kortliks twee implikasies vir ons uitlig:

- Ek glo dit is duidelik dat Gen 9:1-7, saam met die verdere ontwikkeling in die voorskrifte vir die volk Israel in die Ou Testament, en die ontwikkeling in die Nuwe Testament dit duidelik maak dat doodstraf van moordenaars Bybels geregverdig is. Baie mense redeneer egter deesdae dat die doodstraf kru en barbaars is. Baie lande, insluitende Suid Afrika, het die doodstraf afgeskaf. Kan ek jou herinner aan die volgende:
    - As deel van die Noagverbond het die Here dit baie duidelik gemaak Hy eis die lewens van moordenaars. Hy het dit ook duidelik gemaak Hy eis dat die lewens van moordenaars deur mense geneem word – in die Nuwe Testament deur die owerhede aan wie Hy die swaard gegee het. Onthou: die Noagverbond is 'n verbond wat die Here gesluit het met alle vlees op die aarde vir solank die aarde bestaan. Dit is 'n universele verbond vir solank die aarde bestaan. Die beginsel dat moordenaars doodgemaak moet word geld universeel vir die hele wêreld – dit is die verantwoordelikheid van elke regering om dit verantwoordelik toe te pas. Natuurlik moet dit met omsigtigheid en net na deeglike ondersoek toegepas word. Maar dit moet toegepas word.
    - Vir diegene wat redeneer dit is onmenslik om iemand anders dood te maak net omdat hy iemand vermoor het, onthou die volgende: Die Here het die beginsel van die doodstraf juis ingestel om die toename in boosheid op die aarde te stuit tydens die periode tussen die sondvloed en die finale oordeel. Die Here het dit juis ingestel om die lewens van mense te bewaar – daarom het Hy geoordeel die lewens van mense wat nie lewens van medemense respekteer nie, moet geneem word. Die Here het geoordeel dit sal juis tot voordeel van die mensdom wees as moordenaars betaal met hulle lewens. Onthou wat die Here vir die volk gesê het in Deut 19:13: Jy moet die moordenaar nie jammer kry nie. Jy moet die stort van onskuldige bloed uitroei; dan sal dit met jou goed gaan. Onthou waar die wêreld geëindig het voor die sondvloed toe hierdie beginsel nie in plek was nie: die mensdom het altyd net bedink wat sleg is. Suid Afrika is tans 'n goeie voorbeeld van wat die gevolg is as wet en orde nie deur die owerhede toegepas word nie, insluitende as moordenaars nie hulle verdiende straf ontvang nie.
- Alhoewel ek nie oortuig is dat dit die hooffokus in die bewaringsverbond is nie, is die bewaring van die skepping ook deel van hierdie verbond. Die Here beloof om al die dae wat die aarde nog daar is, saaityd en oestyd, koue en hitte, somer en winter, dag en nag in stand te hou. Die Here maak dit baie duidelik hoe belangrik lewe op aarde is – ja, veral die lewe van mense, maar ook selfs die lewe van diere – hulle en die plante is kos vir die mense en die mens moet hulle selfs met respek hanteer. As deel van ons verantwoordelikheid om te heers oor die skepping, moet veral ons as Christene daaraan aandag gee dat ons dit verantwoordelik doen. Ons weet nie hoe lank dit nog gaan wees voor die einde van die aarde nie, daarom moet ons die hulpbronne wat die Here vir ons gee, verantwoordelik bestuur. Ja, natuurlik mag ons die hulpbronne gebruik, ja natuurlik mag ons die diere eet – maar ons moet dit verantwoordelik doen sodat daar ook lewe vir mense na ons moontlik is. Wie weet hoe groot daardie koninkryk is wat die Here besig is om te bou en vir hoe lank die aarde nog moet bestaan voor daardie koninkryk vol is. Laat ons verantwoordelike rentmeesters wees, sodat ons nageslag ook nog die geleentheid mag hê om te vermeerder en die aarde verder te vul.